

Naam : _____

Program : _____

DEPARTEMENT MODERNE VREEMDE TALE
PLAGIAATVORM

(Hierdie vorm moet voltooi en ingehandig word saam met elke skriftelike werkopdrag, taaloefeninge uitgesluit.)

Plagiaat is 'n ernstige oortreding wat op intellektuele diefstal neerkom. Indien 'n student plagiaat pleeg verbeur hy alle punte vir die betrokke werksopdrag en sal dus **0%** daarvoor ontvang. Die Universiteit van Stellenbosch onderskryf beginsels van uitnemendheid en akademiese integriteit.

Gevolgtlik sal dissiplinêre stappe ingevolge die geldende plagiaatbeleid geneem word teen enige optrede wat inbreuk maak op die akademiese standaard van die Universiteit van Stellenbosch. Studente sal gepenaliseer word ooreenkomstig fakulteit beleid.

Wat is plagiaat?

Plagiaat word gepleeg deur die werk (woorde, idees, intellektuele of artistieke skeppinge), gepubliseer sowel as ongepubliseer, van ander persone oor te neem en aan te bied asof dit die aanbieder (skrywer of spreker) se eie is. Onder plagiaat tel onder andere die volgende oortredings: die indiening van 'n ander persoon se werk, met of sonder sy toestemming, as 'n student se eie; die woord-vir-woord herhaling of direkte vertaling van woorde of sinne uit 'n ander persoon se werk, insluitend die werk van 'n mede-student of uit klasnotas sonder die nodige en korrekte erkenning en verwysing; die aanbied van data wat deur iemand anders ontwikkel of ingesamel is sonder korrekte erkenning van die oorspronklike bron; die indiening van 'n student se eie werk wat reeds vir 'n ander module ingedien is sonder verwysing na die oorspronklike bron; die herhaling van 'n ander persoon se idees in eie woorde sonder erkenning van die oorspronklike bron; die gebruik van enige vertaalprogramme om eie idees in 'n vreemde taal om te skakel in modules waar die korrekte gebruik van die vreemde taal deel uitmaak van die assesseringsproses; die redigering, hersiening, herskrywing van enige werksopdrag deur 'n eksterne moedertaalspreker, onvolledige en/of inkonsekwente verwysings na bronne; die gebruik van direkte aanhalings sonder die gebruik van aanhalingstekens.

Tik alle punte af voor die werksopdrag ingehandig word.

- Ek het alle vrae volledig beantwoord
- Die opdrag is getik en ek het van dubbelspasiëring gebruik gemaak en genoeg plek in die kantlyn gelaat vir die dosent se kommentaar
- Die lengte van my werksopdrag stem ooreen met dit wat gevra is
- Ek weet wat plagiaat is en dat dit verkeerd is
- Ek het al my bronne duidelik aangedui en my opdrag bevat 'n volledige bibliografie
- Ek het nie gebruik gemaak van 'n vertaalprogram nie of die hulp van 'n moedertaalspreker gesoek/verkry nie
- Hierdie opdrag is my eie werk

Verdere opmerkings betreffende die gebruik van bronne of hulp van ander persone ontvang :

Alle werkopdragte moet ingehandig word **voor of op die vasgestelde datum**. Opdragte mag slegs laat ingehandig word indien die student 'n geldige mediese sertifikaat kan toon vir die betrokke periode, of as die student vooraf toestemming van die betrokke lektor verkry het. Indien geen sodanige toestemming verleen is nie, **sal 10% per dag afgetrek word** in alle gevalle vir 'n maksimum van twee dae. Daarna sal die student **0%** ontvang vir die betrokke opdrag. Naweekdae word ook in berekening gebring.

Handtekening

Datum